

# GREEN FOUNTAIN

30 Maart tot 2 April 2018

Die Paasnaweek kamp die jaar was n nuwe ervaring vir die wat nog nie daar gekamp het nie.

Sommige lede het alreeds die Donderdag uitgegaan na Green Fountain. Dit het omtrent lekker gereën. Die ander lede het Vrydagoggend stuk stuk opgedaag.

Boekevat is Vrydagaand deur Duppie behartig. Daar is lekker saam gekuier deur die loop van die dag onder mekaar.

Saterdag het elkeen sy eie koers gekies. Party was na Bathurst om te gaan kyk na die groot pynappel. Dit was weereens vier seisoene in een dag. Elke dag het elkeen sy eie rigting gegaan om die plekke rondom Port Alfred te verken.

Annamarie Swwanepoel het Saterdagoggend die boekevat behartig.

Sondagoggend het Jakkie Barnardo vir ons n pragtige boodskap gelewer oor hoekom ons paasnaweek hou.



Louis & Annamarie  
10 Streek Kampe



Deon & Tersia  
20 Streek Kampe



Duppie & Emsie  
60 Streek Kampe



Lambrechts Gesin  
70 Streek Kampe



Ben & Marie  
210 Streek Kampe

Die kinders het na afloop van die boodskap begin om paaseiers te soek. Altyd iets om na uit te sien vir die kinders en die gesiggies as hulle n paaseier kry. Die vure het weer hoog gebrand en die potte het geprut. Daar is omtrent lekker gekuier die Sondag.

Maandag was natuurlik nou nie so na wense nie, maar daar moet gewerk word so tussen die kampe deur.

Wat n lieflike naweek was dit nie met die reëntjie wat so kort kort val.

Dankie aan ieder en elk wat deel was van die kamp.  
- Richard



Tjaart & Nelia  
220 Streek Kampe



Tinus en Yvonne  
Bower word voorgestel as nuwe lede